Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

Graad 8 **Afrikaans Huistaal** **November 2026**

Hardoplees

Toespraak: *Veroudering: 'n reis vol wysheid en insig* /15

Luister en praat

Ondersoekende verslag: *Huiswerklading vir hoërskoolleerders*
Bespreking: *Konsentrasie en leervermoë* /15

Totaal: 30 **/30**

Lees met begrip

Kortverhaal: *Kon ek die horlosie maar 30 jaar terugdraai!* /5
Uittreksel uit jeugroman: *Die geheim van die ou boom* /5
Onderhoud: *Paul Kruger, die kranige atleet en gesinsman* /5
Dagboek: *Hobbels in die pad* /5

Gedigte

Kombuis	*Corné Coetzee*
Die beiteltjie	*N.P. van Wyk Louw*
Die strandjutwolf	*N.P. van Wyk Louw*
Busrit in die aand	*Elizabeth Eybers*
Rondloper	*N.P. van Wyk Louw* /5

Totaal: 25 **/25**

Taal

Mediateks: *Almal verdien net die beste* /15

Totaal: 15 **/15**

Skryf

Reflekterende opstel
Beskrywende opstel /20
Vriendskaplike brief
Brief aan die pers /10

Totaal: 30 **/30**

GROOT TOTAAL: 100 **/100**

Graad 8 **Afrikaans Huistaal** **November 2026**

Vraestel 1 **Afdeling A** **Hardoplees**

Toespraak: Veroudering: ’n reis vol wysheid en insig

Goeiemôre, almal hier teenwoordig.

1 Vandag wil ek ’n onderwerp aanraak wat niemand kan vryspring nie: veroudering. Veroudering hou beslis sy voordele in.

2 Baie mense heg te veel waarde aan die uiterlike voorkoms. Waar veral die skoner geslag gesteld is op hul voorkoms, sal hulle mettertyd moet aanvaar dat die lang, golwende hare plek moet maak vir grys hare. Hulle sal ook merk dat die ongewenste plooie by hulle aanklop. Dis dan juis hier waar die vrou moet besef dat skoonheid wel vergaan, maar deug bly staan. ’n Mooi hart, vriendelikheid, vergewensgesindheid, opoffering en omgee vir haar gesin en vriendinne kan nooit verouder nie. Inteendeel, dit mag net toeneem.

3 Waar ons in ons jeug en as jong mense aanvanklik ver ente gedraf het en nog ’n vinnige oefensessie daarna in die gimnasium ingepas het, sal ons die ouderdom bereik waar ons besef dat dit tyd is om ons drafskoene op te hang en eerder roetes te vind waar ons ver ente kan gaan stap. Gelukkig hoef ons nie ’n gesonde leefstyl prys te gee nie. Daar is niks meer verfrissend en ontspannend as om in die natuur vir ver ente te gaan stap nie.

4 Daar was tye van swaarkry, huil en teleurstelling as gevolg van verkeerde besluite, maar dan was daar ook tye van blydskap en onbesorgdheid. Tye wat altyd gekoester sal word.

5 Saam met ouderdom gaan dan ook wysheid gepaard. Aangesien die bejaardes uit hul verkeerde besluite ’n dure les geleer het, kan hulle die jeug help om die regte besluite te neem. Die bejaardes het reeds die pad van ouerskap gestap. Ook weet hulle dat jy verantwoordelik by jou werk moet wees. Dus, die bejaardes kan die jeug daarop wys dat hul verantwoordelikheid aan die dag moet lê, sou hul goeie ouers wou wees en vir hul gesinne na behore wil sorg.

6 As bejaarde mag ek later slaap, het ek ’n verskoning as ek iets vergeet, mag ek herhaal en kan ek kosbare oomblikke koester.

Rubriek					
Vloeiend lees, pousering en gevoelvol:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 **/15**

Vraestel 1 **Afdeling B** **Luister en praat**

Ondersoekende verslag: Verslag oor huiswerklading van hoërskoolleerders

Verwysing: Op versoek van die skoolhoof sal die adjunkhoof, in samewerking met die vakonderwysers van grade 8–12, ondersoek instel of die leerders van hierdie onderskeie grade oorlaai word met huiswerk.
Aan: Die skoolhoof
Van: Die beheerliggaam
Datum: 10 Maart 2026

Prosedure:

1 Take en huiswerkboeke met oefeninge is voor die adjunkhoof gelê.
2 ’n Ontleding van die huiswerklading in elke graad is noukeurig gedoen.
3 Die resultaat van hierdie ontleding is deur die adjunkhoof en die vakonderwysers bespreek.
4 ’n Voorlopige verslag is saamgestel.

Bevinding:

1 Die onderwysers gee te veel take en huiswerk.
2 Die huiswerkoefeninge en -take is te lank.
3 Aangesien die leerders ook aan buitemuurseaktiwiteite deelneem, is hul huiswerk nie altyd volledig gedoen nie.
4 Die leerders kry te veel huiswerk, wat tot gevolg het dat die leerders nie genoeg tyd het om te lees nie. Dit het tot gevolg dat leesvaardigheid en leesbegrip hieronder gely het.
5 Die leerders het nie tyd om gedurende naweke sosiaal te verkeer nie.

Aanbeveling:

1 ’n Rooster moet deur die onderskeie onderwysers opgestel word.
2 Daar mag huiswerk of toetse slegs vir drie vakke per dag gegee word.
3 Die huiswerkoefeninge en -take moet korter wees.

Gevolgtrekking:

1 Die ondersoek het getoon dat die oormatige huiswerklading tot nadeel vir die leerders strek.

2 Indien die aanbevelings toegepas sou word, behoort die leerders genoeg tyd vir hul huiswerk, lees en ’n sosiale lewe te hê.

Geteken aan die Hoërskool Nelspruit op die 12de dag van Maart 2026.

W. Smith

Die Adjunkhoof

1	**Watter rol het die *adjunkhoof* en die onderskeie *vakonderwysers* van grade 8–12 in die <u>ondersoek</u> gespeel?**	/1
1	**Wat was die <u>doel</u> van die ondersoek wat die skoolhoof moes loods?**	/1
2	**Waarom is die huiswerkoefeninge en -take voor die adjunkhoof gelê?**	/1
3	**Waarom dink jy is die huiswerktake en -oefeninge afsonderlik <u>ontleed</u>?**	/1
5	**Noem slegs EEN <u>voordeel</u> wat fisiese buitemuurseaktiwiteite kan inhou.**	/1
6	**Hoe kan oormatige huiswerk die leerders se leesgewoontes negatief beïnvloed, aangesien daar nie tyd is om te lees nie?**	/1
7	**Waarom dink jy is dit belangrik dat leerders genoeg tyd moet hê om sosiaal te verkeer?**	/1
8	**Watter *ander* <u>gevolgtrekkinge</u> kan jy uit die <u>bevindinge</u> maak wat tot die leerder se *nadeel* kan strek? Noem slegs EEN.**	/1
9	**Watter *voordelige* <u>gevolge</u> kan dit vir die leerders inhou, indien die aanbevelings wat gemaak is, deur die onderwysers toegepas sou word?**	/1
10	**Watter *ander* <u>aanbeveling</u> sou jy by die verslag voeg?**	/1
11	**Dink jy hierdie ondersoek was nodig? *Motiveer* jou antwoord.**	/1
12	**Noem op slegs EEN manier hoe die skoolhoof kan vasstel of die *aanbevelings* wat tot <u>voordeel</u> van die leerders kan strek, noukeurig gevolg word.**	/1
13	**Wat verstaan jy onder die <u>verwysing</u> van die bostaande ondersoekende verslag?**	/1
14	**Waarom is dit belangrik dat hier <u>aanbevelings</u> gemaak is na aanleiding van die <u>bevindinge</u> tydens die bostaande ondersoekende verslag?**	/1
15	**Waarom sou jy sê dat die bostaande luisterteks ’n voorbeeld van ’n <u>ondersoekende verslag</u> is?**	/1
	Totaal: 15	**/15**

<u>Bespreek</u> die uitwerking van genoegsame slaap, oefening en ontspanning op die kind se konsentrasie en leervermoë.

<u>Rubriek</u>					
Vloeiend praat, pousering en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Stemtoon, stembuiging en beklemtoning:	1	2	3	4	5
Inhoud, stelling, motivering en oortuigend:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 **/15**

GROOT TOTAAL: 30÷2=15 **/15**

<u>Vraestel 2</u> **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

1 **Kortverhaal:** <u>Kon ek die horlosie maar 30 jaar terugdraai</u>!

1 Hoeveel keer het ek net nie al na my kinderdae verlang nie. Dae waar ek veilig in my ouerhuis gevoel het. Die dae waar die woorde “moord”, “inbraak” en “diefstal” nog net woorde in die woordeboek was. Dae waar daar geen diefwering voor ons vensters was nie. Om buite te slaap, is ons nie meer beskore nie. Sal ek ooit vergeet hoe ons as kinders tot laat in die straat voor ons huis gespeel het of op ons fietse gery het? Saans het ons nie voor die televisie vasgenael gesit nie, maar eerder kaart of bordspeletjies gespeel. Gesellige kuiers om die kaggel het na die koms van die televisie verdwyn.

2 Terwyl ek by die rooi verkeerslig staan, sien ek ’n man met ’n bordjie om sy nek wat lees: “Geen werk. Geen heenkome. Net ’n geldjie vir kos, asseblief.” My hart gaan uit na hom. Ek draai die venster af en stop ’n geldjie in sy bruingebrande hande. Die honger in sy oë maak plek vir dankbaarheid.

3 Die verkeerslig slaan oor. Ek voel skuldig, want hoe weet ek of hierdie bedelaar vanaand slaapplek het. Dis egter te laat om uit te vind. Ek sal beslis nie die gewildste motoris wees as ek ’n geselsie met hom by die groen verkeerslig aanknoop nie. Ek kan al hoor hoe die ander motoriste agter my op hul toeters lê.

4 By die volgende rooi verkeerslig sien ek uit die hoek van my oog hoe ’n man ’n handsak uit ’n vrou se hande gryp en laat spaander. Nie een van die ander voetgangers sit hom agterna nie. Ons is tog só bang om betrokke te raak!

5 Daardie aand word ’n plaasmoord op die televisie berig. Tonele van bloedspatsels teen die mure is gebeeldsend. Dit wil vir my voorkom of so baie mense niks vir ander se lewens voel nie. ’n Mens wonder onwillekeurig of hierdie mense ooit ’n gewete het.

6 Gelukkig kan niemand die herinneringe van my kinderdae van my af wegneem nie. Dae waar werkloosheid nie hoogty gevier het en jy nie

bedelaars by elke verkeerslig gesien het nie. Dae wat ons nie vir ons lewens hoef te gevrees het nie.

1.1 Watter <u>emosie</u> het hierdie man in paragraaf 1 ervaar? (1)
1.2 Waarom het hierdie man se hart uitgegaan na die bedelaar? (1)
1.3 Oor watter *goeie* <u>karaktereienskap</u> het die man in die motor in paragraaf 2 beskik? (1)
1.4 Watter <u>kontras</u> is daar tussen paragrawe 1 en paragrawe 4 & 5? (1)
1.5 Waarom sou jy sê die *inhoud* van hierdie leesteks is <u>geloofwaardig</u>? (1)

Totaal: 5 **/5**

2 Uittreksel uit 'n jeugverhaal: <u>Die geheim van die ou boom</u>

1 Terwyl die laaste sonstrale die hemelruim in skakerings van bloedrooi, pers en goud verf, het Riaan na die ou kokerboom met die dik stam en sy lang, uitgestrekte takke wat met blare oortrek is, voor hom gestaar. Hy het die vorige aand gedroom dat die stam van hierdie boom 'n geheim huisves. Dis juis hierdie droom wat hom in die rigting van die kokerboom gestuur het. Hy moes net eenvoudig uitvind wat hierdie geheim is.

2 Riaan stap nader en streel met sy vingers oor die growwe bas. Hy kyk na onder en gewaar 'n sleutel aan die voet van die stam. Hy buk huiwerig en tel dit op. Hy vee die stoflaag af. Sy oupa se naam is op die sleutel gegraveer. Nét soos in sy droom! Al wat hy kan aflei, is dat hy baie tyd by hierdie ou boom kom deurbring het. Hy gewaar 'n klein deurtjie aan die voet van die stam waar die sleutel gelê het. Met bewende hande druk hy die sleutel in die slot van hierdie deurtjie. Hy draai die sleutel versigtig. Amper asof hy bang is dit kan enige oomblik in die slot afbreek en dan sal hy nooit weet watter geheim hierdie boom huisves nie. Nadat hy die deur oopgesluit het, druk hy die handvatsel na onder en stoot die deur stadig en huiwerig oop. Alles was donker. Riaan het sy selfoon se lig aangeskakel en in die holte agter die deurtjie gelig. Daar het hy 'n klein houtkissie gewaar. Dit is gesluit. Die vraag is nou hoe hy hierdie kissie gaan oopmaak. Volgens sy droom is daar 'n skat van onskatbare waarde in die kissie. Hy draai die kissie om. Onderaan die kissie was 'n vergeelde koevert met iets daarbinne. Hy het die koevert geneem en versigtig oopgemaak. Binne-in die koevert was 'n sleutel. Natuurlik die sleutel van die kissie! Die nuuskierigheid pak hom beet. Hy wonder watter geheim in hierdie kissie opgesluit sal wees.

3 En wat sal hy in die kissie vind? 'n Sakkie vol diamante met 'n briefie daarby. Hy maak die briefie oop en begin lees. Die laaste wens van sy oupa wat in die briefie opgeteken staan, is maar net weer eens 'n bewys daarvan dat hy altyd vir sy medemens omgegee het. Nou was dit net Riaan se taak om hierdie wens van sy oupa wat soveel vir ander mense kan beteken, te verwesenlik.

2.1 **Bespreek die <u>ruimte</u> in paragraaf 1.** (1)

2.2 **<u>Reken</u> jy dit was ’n brief wat *onlangs* deur sy oupa geskryf is? *Motiveer* jou antwoord.** (1)

2.3 **Waarom sou jy sê die <u>chronologie van die verhaal</u> word in paragraaf 3 *verbreek*?**

2.4 **Wie is die <u>hoofkarakter</u> in hierdie jeugverhaal? *Motiveer* jou antwoord.** (1)

2.5 **Waarom sou jy sê dit is slegs ’n voorbeeld van ’n <u>uittreksel</u> uit ’n jeugverhaal en nie ’n jeugverhaal in sy geheel nie?** (1)

Totaal: 5 **/5**

3 **Onderhoud:** <u>Paul Kruger, die kranige atleet en gesinsman</u>

Vandag gaan ons uitvind waaraan hierdie atleet sy sukses toe te skryf het en die mens agter die atleet ontmoet.

Karel: Jy het al ’n goue medalje by die Olimpiese Spele verower. Waaraan is jou sukses toe te skryf?

Paul: Wel, sonder om gereeld te oefen, sal ’n mens dit nie ver bring nie. Oefen moet vir jou tweede natuur wees.

Karel: ’n Mens is beslis seker nie lus om elke dag ure op die tartanbaan deur te bring nie. Voel jy nie soms net lus om ’n paar dae net rustig by die huis te verkeer nie?

Paul: As ek voel ek wil net ontspanne verkeer, gaan draf ek ver ente langs die strand. Daar is seker niks so bevredigend en kalmerend as om al langs die see te draf nie. Ook voel jy nader aan die natuur en jou Here.

Karel: Sal jy graag wil hê dat jou kinders in jou voetspore moet volg?

Paul: Niks sal my trotser maak as my kinders met ’n goue medalje huis toe sou kom nie. Tóg sal ek dit nooit op hulle afdwing nie. Elke mens is mos uniek en doen wat hom gelukkig maak.

Karel: Op watter ouderdom het jy reeds begin oefen?

Paul: Jy vra my nou ’n vraag wat ek beslis nie kan beantwoord nie. Ek oefen vandat ek ’n *kennetjie* was. Die tartanbaan was nog maar altyd my tweede huis.

Karel: Kry jy darem ook tyd vir ontspanning in jou besige oefenprogram?

Paul: Ek glo daarin dat ’n mens ’n gebalanseerde lewe moet lei. Ek is dit nie slegs aan myself verskuldig nie, maar ook aan my gesin en my diere-kinders. Ons gaan gereeld as gesin af strand toe. Ons sal gaan swem en ver ente met die

honde langs die strand gaan stap. Dit verskaf vir my die grootste genot om te sien hoe my kinders en honde dit in die seewater geniet.

Paul Kruger is beslis nie net ’n kranige atleet nie, maar ook ’n gesinsman.

3.1 Wat is die *doel* van hierdie onderhoud? (1)
3.2 Hoe weet ons dat Paul Kruger ’n diereliefhebber was? (1)
3.3 Hoe dra Paul se *antwoorde* by tot die doel van die *onderhoud*? (1)
3.4 Verskaf die rede waarom dialoog by ’n onderhoud aangetref word. (1)
3.5 Waarom sou jy sê dat die bostaande leesteks ’n voorbeeld van ’n onderhoud is? (1)

Totaal: 5 **/5**

4 Dagboek: Hobbels in die pad

1 Mense en hul ondervindinge sal altyd vir my interessant bly. As eienaar van ’n koffiewinkel, is ek in die posisie om met baie mense in aanraking te kom. Ek hou van mense en hul stories. Of dit nou interessant, hartseer of lagwekkend is. Solank ek net kan luister of as klankbord kan dien.

2 ***Dinsdag 10 November 2026***
Ek het vandag met ’n bejaarde wewenaar, wat sy vrou aan die dood afgestaan het, kennis gemaak. Ons het omtrent vir ’n uur oor ’n koppie koffie en ’n sny kaaskoek gekuier. Ek het hom gevra om meermale koffie te kom drink. Sodoende kan ek hom vir ’n uur van sy hartseer en verlange verlos.

3 ***Dinsdag 17 November 2026***
Vandag het ek die eerste keer besef hoeveel nood rondom ons is. Terwyl ek tussen die kliënte deurgeloop het, het ek ’n bedelaar op die sypaadjie gesien. Met ’n blikkie in sy een bruingebrande hand en verflenterde klere aan, het hy op die sypaadjie gesit, in die hoop iemand gooi ’n geldjie in sy blikkie. Die rooi vlekke van al die sonbrand het uit sy bruingebrande gesig geskree. Ek het hom na binne genooi. Nadat hy my daarop gewys het dat hy nie geld vir koffie het nie, het ek hom meegedeel dat dit nie nodig sou wees om daarvoor te betaal nie. Ek het dit as my goeie daad van die dag beskou. Ek sal seker nooit die dankbaarheid wat uit sy oë gestraal het, vergeet nie. Volgens hom was dit sy eerste keer wat hy die binnekant van ’n koffiewinkel gesien het.

4 ***Donderdag 19 November 2026***
Ek het vandag gesien hoe iemand optree as ’n struikelblok op sy pad kom. By een van die tafels het ’n man gesit wat net voor hom uitgestaar het. Ek het besef dat hy ’n hobbel in sy pad gekry het. Ek het my gaan voorstel. Ek kon duidelik in sy oë sien dat hierdie man verbitterd is. Ek het hom daarop gewys dat indien hy wou praat, ek bereid sou wees om te luister. Nadat hy my meegedeel het dat hy weens personeelvermindering afgelê is, het ek hom daarop gewys dat ek dringend op soek is na ’n bestuurder. Sou hy inwillig, is

die pos syne. Die verbittering in sy oë het plek gemaak vir dankbaarheid en blydskap. Hy het dadelik die pos aanvaar. Dit was vir my 'n voorreg om te weet dat ek iemand in nood kon help.

4.1 Wat is die <u>kerngedagte</u> van paragraaf 1? (1)

4.2 Watter <u>emosie</u> het die wewenaar ervaar? (1)

4.3 Tot watter <u>slotsom</u> het die eienaar van die koffiewinkel gekom nadat hy die bedelaar 'n gratis koppie koffie aangebied het? (1)

4.4 Watter <u>morele les</u> leer ons in die laaste *dagboekinskrywing*? (1)

4.5 Waarom word elke dagboekinskrywing van 'n <u>datum</u> voorsien? (1)

Totaal: 5 **/5**

5 <u>Gedigte</u>

5.1 Dui die <u>allitererende woorde</u> in die onderstaande strofe van "Kombuis" aan wat 'n <u>atmosfeer</u> van *onderdrukte woede* skep.

"Getrou kap en sny en stoom en sis ek;
stomp soos die messe hou ek my bek." *Corné Coetzee*

5.2 Watter *effek* word verkry deur van <u>woordherhaling</u> in versreël 3 van die onderstaande strofe uit "Die beiteltjie" gebruik te maak?

"Ek kry 'n klein klein beiteltjie, 1
ek tik hom en hy klink; 2
toe slyp ek en ek slyp hom 3
totdat hy klink en blink." 4 *N.P. van Wyk Louw*

5.3 Verduidelik die <u>funksie</u> en <u>betekenis</u> van die *nuutskepping* in versreël 3 van die onderstaande strofe uit "Die strandjutwolf".

"die hele werf is vol van hom: 1
daar waar die ploeë blink, 2
daar sien ek die os-groot skadu roer 3
en hoor iets ysters klink." 4 *N.P. van Wyk Louw*

5.4 Watter vorm van <u>beeldspraak</u> tref ons in die onderstaande strofe uit "Busrit in die aand" aan? *Motiveer* jou antwoord.

"Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand" *Elizabeth Eybers*

5.5 Watter <u>atmosfeer</u> word geskep deur versreëls 3 & 4 van die onderstaande strofe uit "Rondloper" teen 'n *stadige tempo* te lees?

"Hy's klein en skraal en baie moeg, 1

sy klere vaal en muf van stof, 2
want heel die warm dag het hy 3
die paaie, paaie langs geslof." 4 *N.P. van Wyk Louw*

Totaal: 5 **/5**

GROOT TOTAAL: 25 **/25**

Vraestel 2 **Afdeling B** **Taal**

Mediateks: Almal verdien net die beste

1 Nico stap die huis vir bejaardes binne. Hy is geen vreemdeling hier nie, aangesien hy gereeld sy ma kom besoek. Op pad na sy ma se kamer, merk hy hoe die mure plek-plek afdop. Waar die gang 'n draai maak, sien hy hoe die hoek van die muur nerf-af is. "Natuurlik 'n ou oom wat gedink het dis 'n renbaan en die rolstoel sodoende die hoek onverwags getref het," dink hy by homself. Hy is nogal ontsteld hieroor.

2 Waar sy ma in 'n gemakstoel sit en koerant lees, loer sy oor haar ronde brilletjie toe hy haar kamer binnekom. Hy gaan sit op die bed. Hy merk hoe verbleik die gordyne is. 'n Skeur of twee het hulle ewe gemaklik tuisgemaak in die gordyne. Haar bed het ook nog nooit met 'n kleurvolle *duvet* kennis gemaak nie. Slegs net met 'n swaar en onaantreklike groen kombers. Die ***groen*** komberse laat hom aan sy koshuisdae terugdink.

3 In die sitkamer sit almal soos sardientjies in 'n ry op penregop stoele. Die stoele is kompleet soos in 'n konsertsaal langs mekaar geplaas. Van gemakstoele is hier geen sprake nie. Nêrens gewaar hy 'n televisie nie. Hy kan al in sy geestesoog sien hoe hierdie ou mensies saans en ook bedags vasgenael voor die televisie sou sit en elke program sou opslurp. Almal se oë net vasgenael op die skerm. Maak nie saak of dit sport, sepies, 'n drama of 'n riller is nie. Solank hul net met die buitewêreld in aanraking kan kom. Hy besef dat daar net eenvoudig nie geld vir 'n nuwe televisie is nie. Net daar en dan besluit hy om alles in die stryd te werp en geld in te samel om 'n einde aan hul eenvoudige leefstyl te maak. Hy en die gemeenskap sal toesien dat daar geld ingesamel word.

4 Hy nader verskeie besighede om geld te skenk vir nuwe gordyne, beddegoed, gemakstoele en 'n televisie. Die besigheidsmanne het sonder om te skroom hul hande diep in die sak gesteek. Nadat die

inwoners van die dorp van hierdie fondsinsamelingsprojek gehoor het, het tien vroue uit die gemeenskap besluit om Saterdae pannekoek te bak en die wins aan die huis vir bejaardes te skenk. ’n Boer het ’n bees geskenk om opgeveil te word. Voortaan het die boere beurtelings twee skape aan die aftree-oord geskenk. Gordyne en beddegoed wat nie meer gebruik word nie, is aan die aftree-oord besorg.

4 Nico sê hy wens hy kon die glinstering in die bejaardes se oë op doek vaslê toe ’n meubelwinkel twee nuwe televisies en gemakstoele kom aflewer het. Om te dink die geld wat aanvanklik vir die gemakstoele en televisies ingesamel is, kon nou aangewend word om verf te koop en om die badkamers op te knap! Hier is bewys dat ons alles moontlik vir ons bejaardes sal doen, aangesien ons werklik vir hulle omgee.

1 **Vorm ’n afgeleide persoonsnaam van die onderstreepte woord in reël 2.** (1)

2 **Vorm ’n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 3.** (1)

3 **Skryf die saamgestelde woord in reël 4 neer.** (1)

4 **Skryf die attributiewe byvoeglike naamwoord in reël 4 neer.** (1)

5 **Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 5.** (1)

6 **Skryf die onderstreepte sin in reël 6 oor in die toekomende tyd.** (1)

7 **Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 7.** (1)

8 **Gee die afgeleide byvoeglike naamwoord van die onderstreepte woord in reël 8 en gebruik dit dan in ’n sin.** (1)

9 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 9 & 10 in die teenwoordige tyd.** (1)

10 **Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 11.** (1)

11 **Skryf die onderstreepte sin in reël 12 oor, maar vervang die attributiewe byvoeglike naamwoord met ’n byvoeglike bysin.** (1)

12 **Skryf die onderstreepte sin in reël 13 oor in die ontkennende vorm.** (1)

13 **Identifiseer die bepaler en die kern in die onderstreepte saamgestelde woord in reël 14 . *Motiveer* jou antwoord.** (1)

14 **Skryf die samestellende afleiding in reël 16 neer.** (1)

15 **Skryf reëls 16 & 17 oor, maar skryf die onderstreepte bywoord oor as ’n bywoordelike sinsnede.** (1)

16 **Skryf die voorwerp in reël 17 neer.** (1)

17 **Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 18 neer.** (1)

18 **Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 18.** (1)

19 **Waarom sou jy sê die onderstreepte sin in reëls 19 & 20 is ’n stereotipe aanname oor baie ou mense?** (1)

20 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 19 & 20 oor in die verlede tyd.** (1)

21 **Skryf die onderwerp in reël 23 neer.** (1)

22 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 24 & 25 oor in die lydende vorm.** (1)

23 **Gee die betekenis vir die onderstreepte idiomatiese uitdrukkinge in reël 26.** (1)

24 **Gee die <u>paroniem</u> vir die onderstreepte woord in reël 28 en gebruik dan hierdie *paroniem* in ’n *sin* van jou eie.** (1)

25 **Skryf die <u>versamelnaam</u> in reël 31 neer.**

26 **Skryf die <u>betreklike voornaamwoord</u> in die onderstreepte sin in reëls 31 & 32 neer. <u>Motiveer</u> dan jou antwoord.** (1)

27 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 31 & 32 oor as ’n <u>vraagsin</u>.** (1)

28 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 33–35 oor in die <u>direkte rede</u>.** (1)

29 **Hoe sou jy die <u>toon</u> in die onderstreepte sin in reëls 33–35 beskryf? *Motiveer* jou antwoord.** (1)

30 **Verduidelik waarom die onderstreepte sin in reëls 37 & 38 ’n voorbeeld van <u>manipulerende taalgebruik</u> eerder as <u>emotiewe taalgebruik</u> is.** (1)

Totaal: 30÷2=15 **/15**

<u>Vraestel 3</u> **<u>Skryf</u>**

Skryf ’n <u>reflekterende opstel</u> van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.

Sy vriendskap verander my lewensuitkyk / Foute en lesse / So groei ek deur ervaring

<u>Rubriek</u>

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Emosies, ervaring en beskrywing:	1	2	3	4	5
Refleksie en insig:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering, struktuur en taalgebruik:	1	2	3	4	5

Of

Skryf ’n <u>beskrywende opstel</u> van 200–250 woorde oor EEN van die volgende.

Vasgevang in emosies / My gunstelingplek / Die vissermanne by die hawe

<u>Rubriek</u>

Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Beeldspraak, stylfigure, idiome en skryfstyl:	1	2	3	4	5
Beskrywende woorde, woordeskat en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering en struktuur:	1	2	3	4	5

Totaal: 20 **/20**

EN

Skryf ’n <u>vriendskaplike brief</u> van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.

Vertel jou maat van die nag in die begraafplaas / die onredelike uittrapsessie

<u>Rubriek</u>

Inhoud, gebeure, chronologie en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Uitleg, aanspreekvorm, formaat en taalversorging:	1	2	3	4	5

Of

Skryf ’n <u>brief aan die pers</u> van 140–160 woorde oor EEN van die volgende.

Rommelstrooiing / Waterbesparing / Dierebeskerming / Boeliegedrag

<u>Rubriek</u>					
Inhoud, probleem, voorkoming en taalgebruik:	1	2	3	4	5
Uitleg, aanspreekvorm, formaat en taalversorging:	1	2	3	4	5

Totaal: 10 **/10**

GROOT TOTAAL: 30 **/30**

<u>Memorandum</u> **<u>Vraestel 1</u>** **<u>Afdeling B</u>**

Ondersoekende verslag: <u>Verslag oor huiswerklading van hoërskoolleerders</u>

1 Hulle het ’n ondersoek gedoen, die bevindinge bespreek en aanbevelings gemaak om die ***probleem*** van huiswerklading ***op te los***.

2 Daar moes ***vasgestel*** word of die leerders met huiswerk oorlaai word. Indien dit die geval was, moes daar ’n oplossing vir die ***probleem*** gevind word.

3 Sodat hy inligting kon insamel en kyk ***of die kinders wél te veel huiswerk kry***.

4 Om vas te stel of die leerders te veel huiswerk kry en of die oefeninge en take te lank is en sodoende te veel tyd in beslag neem.

5 Die leerders leer om spangees te bou. / Oefening is gesond.
Die leerders leer om sportmangees aan die dag te lê / om te ontspan.
Na oefening kan mens weer helder dink.

6 Hul leesvaardighede kan nie na behore ontwikkel nie. /
Hul begripsvermoë ly daaronder, sou hulle nie genoeg lees nie.

7 Om sodoende verhoudings te bou, vriende te maak en gebalanseerd te lewe.

8 Die leerder kry te min slaap. Gevolglik kan hy die volgende dag nie na behore konsentreer nie. / Die leerder mag vrees hy kry nie klaar nie. Foute sluip in.
Die leerder se akademiese prestasie mag verswak, weens moegheid.

9 Hul huiswerk sal altyd voltooi wees. /
Die leerder sal meer ontspanne wees, terwyl hy sy huiswerk doen. /
Leerders leer om spangees te bou en om sportmangees aan die dag te lê. /
Leerders leer om sosiaal te verkeer. /
Die leerders se leesvaardighede en begripsvermoë kan ***verbeter***. /
Die leerders kan beter konsentreer, aangesien hulle genoeg slaap inkry.

10 Vakonderwysers kan met mekaar kommunikeer en uitruil, indien ’n onderwyser die spesifieke dag wat vir hom/haar toegestaan is vir huiswerk, nie huiswerk gegee het nie. **(enige ander antwoord)**

11 Ja. Die ondersoek het getoon dat die leerders te veel huiswerk kry en dat dit hul akademiese werk en sosiale lewe ***negatief beïnvloed***.

12 Hy kan weekliks 'n paar leerders se ***boeke en take inneem***. Dan kan hy kyk of die take en oefeninge ***nie te lank is nie*** en ***of die onderwysers hul by die uitgewerkte huiswerkrooster hou***.

13 Dit is die rede waarom die ondersoek gedoen word.

14 Tydens die ***bevindinge*** is daar bevind dat daar wel probleme rondom die huiswerklading vir die leerders is. Tydens die ***aanbevelings*** word voorstelle gegee hoe om hierdie probleem op te los.

15 'n ***Probleem*** is hier ondersoek en inligting rondom die ***probleem*** is verkry.

Vraestel 2 **Afdeling A** **Leesbegrip**

1 Kortverhaal: Kon ek die horlosie maar 30 jaar terugdraai!

1.1 Hy het die ***emosie*** van heimwee / verlange na die ***verlede*** / sy ***kinderdae*** ervaar.

1.2 Aangesien hierdie man **geen** werk, heenkome, geld of kos gehad het nie.

1.3 Hy het vir ander mense omgegee.

1.4 In paragraaf 1 word daar verwys na tye toe ***diefstal*** en ***moord*** nie alledaags was nie, maar in paragrawe 4 & 5 word daarop gewys dat ***hierdie probleme*** in die alledaagse lewe ***voorkom*** en ***ervaar*** word.

1.5 Enige ***aanvaarbare antwoord*** wat met die inhoud van die bostaande leesteks verband hou.

2 Uittreksel uit 'n jeugroman: Die geheim van die ou boom

2.1 Riaan staan voor die ou kokerboom.

2.2 Die brief is ***nie*** onlangs deur sy oupa geskryf ***nie***, aangesien hier van 'n vergeelde koevert gepraat word. / Die koevert is al verbleik van ouderdom.

2.3 Riaan ***vind*** (in die hede) 'n briefie wat (in die verlede) deur sy oupa ***geskryf is*** wat sy wens ***was*** (in die verlede). Nou ***is*** dit Riaan se plig om hierdie wens van sy oupa wat soveel vir ander mense ***kan beteken*** (in die toekoms), ***uit te voer*** (in die toekoms).

2.4 Die ***hoofkarakter*** is Riaan, aangesien hý ***die diamante met die briefie daarby gevind het***. Ook is die ***opdrag aan*** hóm ***gerig om hierdie wens van sy oupa te verwesenlik***.

2.5 Aangesien die klimaks wel gegee word, maar ***dít wat na die klimaks sou volg,*** word nie gegee nie. Die leser se belangstelling word geprikkel om verder te lees wat na die klimaks sou gebeur.

3 Onderhoud: Paul Kruger, die kranige atleet en gesinsman

3.1 Om inligting in te samel ***waaraan hierdie atleet sy sukses toe te skryf het*** en ***die mens agter Paul Kruger te leer ken***.

3.2 Hy het sy honde as sy diere-kinders beskou. / Dit het hom genot verskaf om te sien hoe sy honde in die seewater baljaar. / Hy het tyd aan sy honde spandeer.

3.3 Paul ***verskaf*** die nodige inligting aan die onderhoudvoerder ***waaraan sy sukses toe te skryf is*** en dat hy ’n ***gesinsman, ’n diereliefhebber en ’n natuurmens is***.

3.4 ’n Gesprek word tussen twee mense gevoer.

3.5 Die onderhoudvoerder vra vrae waarop die persoon met wie die onderhoud gevoer word, toepaslike antwoorde gee.

4 Dagboek: Hobbels in die pad

4.1 Mense en hul ondervindinge sal altyd vir my interessant bly.

4.2 Die emosie van hartseer.

4.3 Hy het besef dat daar baie nood en armoede om ons is en dat ’n ***gebaar*** van vriendelikheid en ’n gratis koppie koffie baie vir ’n minderbevoorregte persoon kan beteken.

4.4 Ons moet mekaar help waar ons kan. / Ons moet bereid wees om na iemand te luister, ***sou hy in nood verkeer*** of as hy ’n ***onaangename ondervinding gehad het***.

4.5 Om aan te dui op watter dag die ***spesifieke gebeurtenis*** plaasgevind het.

5 Gedigte

5.1 ***Kombuis***

“Getrou kap en sny en stoom en sis ek;
stomp soos die messe hou ek my bek.”

5.2 ***Die beiteltjie***

Die ***effek*** van ’n aanhoudende slypbeweging.

5.3 ***Die strandjutwolf***

Os-groot is ’n nuutskepping wat metafories gebruik word om die ***grootte***, ***krag*** en ***massiewe*** teenwoordigheid van die skaduwee te ***beklemtoon***. / Die ***nuutskepping*** skep ’n beeld van iets wat ***baie*** groot en indrukwekkend is.

5.4 ***Busrit in die aand***

Ons tref personifikasie hier aan, aangesien die ***vaartuig*** (die bus, in hierdie geval) nie kan ***waggel***, ***hyg***, ***snork*** of ***swoeg*** soos ’n ***mens*** nie.

5.5 *Rondloper*

Ons verkry ’n rustige, moeë en uitgeputte ***atmosfeer***.

Mediateks: Almal verdien net die beste

1 Besoek – besoeker
2 Maak – bemaak / vermaak
3 Hy sien die hoek van die muur is nerf-af.
4 Natuurlik ’n ou oom wat gedink het dis ’n renbaan.
5 Onverwags – verwag
6 Hy sal nogal ontsteld hieroor wees.
7 Sy loer oor haar koeëlronde brilletjie.
8 Merkbare verbetering / merkwaardige prestasie. **(eie sin)**
9 ’n Skeur of twee maak hulle ewe gemaklik tuis in die gordyne.
10

Stellende trap	Vergrotende trap	Oortreffende trap
swaar	swaarder	swaarste

11 Die komberse wat groen is, laat hom terugdink aan sy koshuisdae.
12 In die sitkamer sit niemand soos sardientjies in ’n ry op penregop stoele nie. / In die sitkamer sit nie álmal soos sardientjies in ’n ry op penregop stoele nie.
13 Daar word konserte (***bepaler***) in hierdie spesifieke saal (***kern***) gehou.
14 Hy kan al in sy geestesoog sien hoe hulle voor die televisie sit.
15 Hy kan al in sy geestesoog sien hoe hierdie ou mensies elke aand / gedurende die aand en ook bedags vasgenael voor die televisie sou sit en elke program sou opslurp.
16 Hy kan al in sy geestesoog sien hoe hierdie ou mensies saans en ook bedags vasgenael voor die televisie sou sit en elke program sou opslurp.
17 Almal se oë vasgenael op die skerm.
18 Almal se ogies net vasgenael op die skerm.
19 Dit is ’n ***stereotipe aanname,*** omdat dit ***aangeneem word*** dat ***alle*** ou mense geïsoleer is in aftree-oorde en min kontak met die buitewêreld het.
20 Solank hul net met die buitewêreld in aanraking kon kom.
21 Hy en die gemeenskap sal toesien dat daar geld ingesamel word.
22 Verskeie besighede word (deur hom) genader om geld te skenk vir nuwe gordyne, beddegoed, gemakstoele en ’n televisie.

23 Die besigheidsmanne het sonder om te huiwer baie geld geskenk.
24 Ons het ’n sterk gemeenskaplike band. **(enige ander aanvaarbare sin)**
25 Beddegoed wat nie meer gebruik word nie, is aan die aftree-oord besorg.
26 Die betreklike voornaamwoord wat ***verwys*** na die gordyne en beddegoed.
27 Is gordyne en beddegoed wat nie meer gebruik word nie, aan die aftree-oord besorg?
28 Nico sê: “Ek wens ek kon die glinstering in die bejaardes se oë op doek vaslê toe ’n meubelwinkel twee nuwe televisies en gemakstoele kom aflewer het.”
29 Die ***toon*** is vreugdevol, opwindend en bewonderend, aangesien hy die vreugde en opgewondenheid in die oë van die bejaardes met bewondering ***raaksien***.
30 Hier word van ***manipulerende taalgebruik*** gebruik gemaak, aangesien die leser oortuig moet word dat ***Nico en die gemeenskap vir die bejaardes omgee***, eerder as om bloot emosies te probeer ontlok.

Naslaanbronne **November 2026**

Toespraak: Veroudering: ’n reis vol wysheid en insig
Eugene van der Westhuizen

Ondersoekende verslag: Verslag oor huiswerklading van hoërskoolleerders
Oorspronklik: *Anita Vogel*
Aangepas: *Eugene van der Westhuizen*

Kortverhaal: Kon ek die horlosie maar 30 jaar terugdraai!
Eugene van der Westhuizen

Uittreksel uit ’n jeugroman: Die geheim van die ou boom
Eugene van der Westhuizen

Onderhoud: Paul Kruger, die kranige atleet en gesinsman
Eugene van der Westhuizen

Dagboekinskrywing: Hobbels in die pad
Eugene van der Westhuizen

Mediateks: Almal verdien net die beste
Eugene van der Westhuizen

Gedigte

Kombuis *Corné Coetzee*
Verskuns vir Huistaal *Macmillan South Africa (Pty) Ltd., 2015*
Saamgestel deur: *Riens Vosloo*

Die beiteltjie *N.P. van Wyk Louw*
Verskuns vir Huistaal *Macmillan South Africa (Pty) Ltd., 2015*
Saamgestel deur: *Riens Vosloo*

Die strandjutwolf *N.P. van Wyk Louw*
Verskuns vir Huistaal *Macmillan South Africa (Pty) Ltd., 2015*
Saamgestel deur: *Riens Vosloo*

Busrit in die aand *Elizabeth Eybers*
Verskuns vir Huistaal *Macmillan South Africa (Pty) Ltd., 2015*
Saamgestel deur: *Riens Vosloo*

Rondloper *N.P. van Wyk Louw*
Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees *Best Books, 2009*
F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen